

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

DATUM: 14/11/2007

SAAKNR: 33028/07

ONRAPORTEERBAAR

In die saak tussen:

TWK LANDBOU BEPERK

Eiser

en

AUWKE JONGBLOED H/A
JONGBLOED BOERDERY

Verweerder

UITSPRAAK

1.

In hierdie bestrede aksie word daar aansoek gedoen om voorlopige vonnis. Die eiser se vordering berus op 'n tjek wat deur die verweerder getrek is op Eerste Nasionale Bank, Louis Trichardt, ten gunste van die eiser in die bedrag van R174 069,37. Die betrokke tjek is gedurende Januarie 2007 deur die verweerder uitgeskryf en is na 30 Junie 2007 vooruitgedateer. Toe die tjek vroeg in Julie 2007 vir betaling aangebied is, is dit onteer as gevolg van die feit dat verweerder betaling daarvan gestaak het. Daarop het die eiser, as houer van die tjek, 'n voorlopige vonnis dagvaarding uitgereik.

2.

Die verweerder se beëdigde verklaring bevat opsommenderwys die volgende feitelike bewerings waarop die verweer gebaseer is naamlik:

- 2.1 Die verweerder is 'n boer wat besigheid doen as Jongbloed Boerdery op die plaas Jongdraai in die omgewing van Vivo in die Limpopo Provinsie.
- 2.2 Die eiser het gedurende 2005 aan die verweerder bekend geword toe ene mnr Johan Swart hom op sy plaas besoek het en hom meegedeel het dat die eiser aan ham kunsmis kon verskaf op gunstige kredietterme.
- 2.3 Hy het aanvaar dat Swart in diens was van die eiser of 'n bemarker van die eiser was.
- 2.4 Voortspruitend uit bogemelde ontmoeting tussen die verweerder en Swart het die verweerder gedurende 2005 een kunsmisbestelling by die eiser geplaas en die volgende jaar (2006) twee bestellings. By die plaas van hierdie bestellings is dieselfde werkswyse telkens gevolg. Die bestelling is deur Swart op skrif gestel en deur die verweerder onderteken en Swart is van 'n vooruitgedateerde tjek,

uitgemaak in die guns van die eiser, voorsien. Die verweerder moes Swart ook van sy jongste finansiële state voorsien en 'n sogenaamde "stoorkontrak", waarin sekere persoonlike besonderhede onder andere vervat is, onderteken.

- 2.5 Die verweerder het weer op 11 Januarie 2007 'n bestelling by die eiser geplaas vir lewering van kunsmis op 15 Januarie 2007. Ten aansien van hierdie bestelling het die verweerder die bogemelde vooruitgedateerde tjek, wat die onderwerp van die eiser se aksie vorm, voorsien. Die kunsmis wat bestel is, is wel deur die verweerder ontvang en gebruik.
- 2.6 Op 28 Maart 2007 het die verweerder 'n verdere bestelling vir die aankoop van kunsmis by Swart geplaas. 'n Gedeelte van die kunsmis wat aldus bestel is moes op 15 Mei 2007 aan die verweerder gelewering word en die oorblywende gedeelte daarvan op 15 Junie 2007. Bogemelde leweringsdatums was van besondere belang omdat dit die verweerder in staat sou gestel het om sy voorgenome aartappeloes op so 'n tydstip te plant dat dit markgereed sou wees wanneer hy die beste pryse daarvoor sou behaal, wat vanaf die middel van September tot vroeg in Oktober was.

- 2.7 Geen kunsmis is egter op 15 Mei 2007 aan die verweerder gelewer nie en gevolglik kon hy nie volgens sy beplanning aartappels aanplant nie. Swart kon geen aanvaarbare verduideliking vir die versuim om die kunsmis te lewer te gee nie. Daarna het Swart, teen die einde van Mei 2007, verdere dokumente by die verweerder afgehaal wat klaarblyklik benodig was alvorens die bestelling uitgevoer kon word.
- 2.8 Op 8 Junie 2007 is die verweerder telefonies gekontak deur ene mnr van Zyl wat aangedui het, onder andere, dat die verweerder se bestelling nie gelewer is omdat voldoende dokumentasie nie betyds ontvang is van hom nie en dat die prys van kunsmis intussen verhoog het en dit op daardie tydstip slegs teen die verhoogde prys gelewer kon word. Tydens hierdie gesprek het die verweerder vir die eerste keer uitgevind dat Swart nie 'n verteenwoordiger van die eiser was nie, maar in wese 'n sub-agent was. Uit hoofde van hierdie gesprek het die verweerder ook aanvaar dat Van Zyl verbonde is aan die eiser.
- 2.9 Op 21 Junie 2007 het Van Zyl 'n faks aan die verweerder gestuur. Hierdie faks was egter afkomstig van Constantia Kunsmis (Edms) Beperk en by ontvangs daarvan het die verweerder vir die eerste maal bewus geraak van Constantia Kunsmis en hierdie

maatskappy se betrokkenheid. Die verweerder lei nou af dat dit voorkom asof Constantia Kunsmis die agent vir die eiser is en as of Swart op sy beurt weer 'n agent vir Constantia Kunsmis is, terwyl die verweerder deurentyd onder die indruk was dat Swart 'n verteenwoordiger van die eiser was.

2.10 Ten einde sy skade te beperk het die verweerder suksesvol ander reëlins getref om kunsmis te bekom. Die verweerder se aanplantings van aartappels was egter vertraag met die gevolg dat hy nou slegs in staat sal wees om sy oes later te lewer as wat die geval sou gewees het indien hy betyds lewering van die kunsmis sou geniet het.

2.11 As gevolg hiervan gaan die verweerder na verwagting 'n kleiner opbrengs op die mark ontvang as wat andersins die geval sou gewees het.

2.12 Die verweerder se beëdigde verklaring bevat ook in paragraaf 16.3 daarvan 'n gedetailleerde uiteensetting van die beraamde skade wat hy nou in die oë staan. Blykens die uiteensetting beloop die beraamde skade die bedrag van R371 250,00.

2.13 Op sterkte van die bogemelde feite beskik die verweerder oor 'n

teeneis vir skade wat deur die eiser veroorsaak is, welke teeneis die eisbedrag van die eiser by verre oorskry.

3.

Die eiser se beantwoordende beëdigde verklaring handel volledig met die bewerings vervat in die verweerder se eedsverklaring. Vir huidige doeleindes is dit nie vir my nodig om in groot detail daarmee te handel nie en vervolgens word slegs die volgende gemeld, naamlik:

- 3.1 Die eiser, 'n landboumaatskappy, is die enigste aandeelhouer in Constantia Kunsmis (Edms) Beperk. Gevolglik het mens dan hier te doen met twee afsonderlike regsentiteite.
- 3.2 Constantia Kunsmis is 'n verspreider van kunsmis, hoofsaaklik aan die boerdery gemeenskap. Die eiser finansier wel kunsmis aankope, wat onder andere bewerkstellig word deur middel van die verskaffing van vooruitgedateerde tjeks deur die koper aan die eiser, soos in die onderhawige geval gebeur het.
- 3.3 Constantia Kunsmis het onafhanklike agente wat die kunsmis bemarking behartig. In die onderhawige geval was ene Johan Swart 'n sub-agent, in die sin dat hy 'n agent van mnr David

Serfontein is wat op sy beurt 'n agent van Constantia Kunsmis is. By finansieringstransaksies is dit gebruikelik dat die agent 'n bestelling by die voornemende koper neem en indien finansiering benodig word moet 'n verkorte balansstaat of die nuutste finansiële state van die voornemende koper bekom word tesame met die gebruikelike stoorkontrak en 'n vooruitgedateerde tjek of tjeks. Hierdie dokumente word daarna deur Constantia Kunsmis voorgelê aan die kredietafdeling van die eiser, wat dan oorweeg of krediet toegestaan sal word al dan nie. Geen ooreenkoms tussen Constantia en die koper kom tot stand alvorens die finansiering vir die kunsmisaankope by wyse van vooruitgedateerde tjek deur die kredietafdeling van die eiser goedgekeur word nie.

- 3.4 In hierdie spesifieke geval het Johan Swart nie 'n bestelboek van Constantia gehad nie. Die bestelling wat aanvanklik op 11 Januarie 2007 by die verweerder geneem is deur Swart, 'n afskrif waarvan by die stukke aangeheg is, is later op die amptelike bestelvorm van Constantia Kunsmis (Edms) Beperk oorgedra en voltooi. Afskrifte van al die ander dokumente wat by hierdie besondere bestelling ter sprake is, is ook by die stukke aangeheg en die inhoud daarvan is vanselfsprekend. Kunsmis word nie deur die eiser aan kopers voorsien nie - dit is 'n transaksie tussen Constantia en die koper en die enigste rol wat die eiser speel is om

te oorweeg of die transaksie gefinansier sal word nadat die normale kredietondersoeke gedoen is en die eiser bereid is om die transaksie te finansier.

- 3.5 Gevolglik het die eiser ontken dat die bestellings vir kunsmis wat deur die verweerder geopper is by die eiser geplaas is. Die eiser was slegs betrokke by die finansiering van sodanige transaksies. Die voorafgaande transaksies tot die een waaroor die huidige geskil handel, het almal glad verloop.
- 3.6 Oftewel Swart by die plaas van die tersaaklike bestelling die letters "TWK" op sy eie bestelvorm ingevul het, klaarblyklik vir redes aan die eiser onbekend, is daar in die lig van die gebruikelike wyse waarop die eiser en Constantia Kunsmis sake doen ontken dat enige bestelling by die eiser geplaas is.
- 3.7 Daarbenewens het die eiser erken dat Swart op 28 Maart 2007 bestellings by die verweerder geneem het en is die tersaaklike bestelvorms afkomstig uit Swart se eie bestelboek ook as bylaes aangeheg, tesame met twee vooruitgedateerde tjeks onderskeidelik gedateer 30 Oktober 2007 vir 'n bedrag van R95 336,00 en vir 30 November 2007 vir 'n bedrag van R120 614,73. Die eiser het ook aanvaar dat die datums van 15 Mei 2007 en 15 Junie 2007 die

verlangde afleveringsdatums sou wees.

3.8 By die ontvangs deur Constantia van die bovermelde bestellings vanaf Swart het daar alreeds 'n prysverhoging ingetree met die gevolg dat Constantia nie bereid was om die kunsmis teen die prys te lewer waarteen Swart die bestellings geneem het nie. Die bestellings was ook nie vergesel van die jongste verkorte balansstaat van die verweerder en die voorgeskrewe stoorkontrak nie en gevolglik is hierdie bestellings nie aan die eiser deurgestuur nie. Die eiser het eers op 'n later stadium kennis van die bestellings gekry en sou die bestellings in ieder geval nie in die lig van die ontbrekende gepaardgaande dokumente oorweeg het nie.

3.9 Die eiser het voorts ontken dat die wanindruk waaronder die verweerder verkeer met betrekking tot die entiteit by wie die kunsmis bestel is, enigszins te wyte is aan enige voorstelling vanaf die eiser se kant, en het volhard met die standpunt dat die eiser hoegenaamd nie by die transaksie waarop die verweerder se beweerde teeneis berus betrokke was nie.

3.10 Die eiser beklemtoon dat indien die verweerder 'n sogenaamde teeneis het, sodanige teeneis vir skadevergoeding nie teen die eiser ontvanklik kan wees nie en vir sover daar 'n indruk gelaat is

dat Swart 'n verteenwoordiger van die eiser is, is daar aangevoer dat geen feite wat so 'n indruk regverdig beweer word nie en dat Swart in ieder geval nie by magte is om namens die eiser enige voorstellings te maak nie en dat sy voorstellings in ieder geval nie die eiser of selfs Constantia kan bind nie.

3.11 Laastens het die eiser ontken dat daar enige meriete in die verweerder se teeneis gestee het.

4.

By die aanhoor van die aansoek het mnr Blignaut, wat namens die verweerder verskyn het, aan die hand gedoen dat die waarskynlikhede in die prinsipale saak in die verweerder se guns is, en in hierdie verband het hy veral klem gelê op die feit dat die bestelvorms gedateer 28 Maart 2007 uitdruklik die eiser se naam bevat en dat Swart 'n bevestigende beëdigde verklaring afgelê het, waarin hy die bewerings wat deur die verweerder gemaak word bevestig. Hiervolgens was dit duidelik, so het die argument gelei, dat Swart inderdaad bevestig dat hy 'n agent van die eiser is en dat sodanige bevestiging met betrekking tot hierdie geskil die waarskynlik hede in die verweerder se guns swaai. Op hierdie grondslag het die eiser wanpresteer deur nie die verweerder se bestellings uit te voer nie en gevolglik het die eiser die beweerde skade gely. Op navraag deur die hof

het mnr Blignaut bevestig dat die verweerder se handtekening op die tersaaklike tjek nie in geskil is nie.

5.

Op sy beurt het mnr Van Coller, wat namens die eiser verskyn het, aan die hand gedoen dat vir sover Swart se bevestigende beëdigde verklaring die inhoud van paragraaf 14.3 van die verweerder se beëdigde verklaring bevestig hy, wat Swart is, eintlik die bogemelde submitisie deur mnr Blignaut verpletter vir sover hy in wese bevestig dat hy nie die eiser se verteenwoordiger is nie maar bloot "'n agent van 'n agent" is. Voorts is daar tydens betoog benadruk dat die bestelling ten aansien waarvan die gewraakte onteerde tjek (waarop die eiser steun) gegee is, uitgevoer is, en is dit in ieder geval op die stukke gemeensaak dat die transaksie wat die tjek onderlê behoorlik afgehandel is, met die gevolg dat sodanige onderliggende transaksie hoegenaamd geen verweer vir die verweerder daarstel nie. Mnr Van Coller het ook etlike verdere submitties gemaak ten aansien van die verweerder se beweerde teeneis:

5.1 Hy het daarop gewys dat die teeneis nie teen die eiser ontvanklik is nie;

5.2 Dat die verweerder fundamentele probleme met die bewys van sy

teeneis sal ervaar (soos meer volledig uiteengesit word in sy skriftelike hoofde van betoog); en

- 5.3 die verweerder op die stukke nie daarin slaag om aan te toon dat hy wel oor 'n verweer beskik nie en by gevolg versuim het om hom in hierdie opsig van die bewyslas te kwyt.

6.

Dit is ongetwyfeld so dat die verweer waarop die verweerder in hierdie verrigtinge steun niks te make het nie met die onderliggende transaksie, synde die verkoop en lewering van kunsmis ingevolge die verweerder se bestelling wat gedurende Januarie 2007 geplaas is, ten aansien waarvan die betrokke tjem van die verweerder aan die eiser gelever is.

7.

Tydens argument het ek mm Blignaut pertinent uitgenooi om my aandag te vestig op enige gesag, indien daar is, wat aantoon dat 'n verweerder hom by voorlopige vonnis kan verweer met beroep op 'n skuldoorsaak wat onafhanklik van die likiede dokument of die onderliggende transaksie bestaan. Hy was nie in staat om enige sodanige gesag voor te hou nie.

10.
8.

Die volgende bevel word gemaak:

Na my mening stel die verweerder se beweerde teeneis in hierdie

verrigtinge nie 'n verweer teen die eiser se vordering daar nie. In ieder

10.1 Voorlopige vonnis word ten gunste van die eiser toegestaan in die
geval is die teeneis opsigself in verskeie wesenlike opsigte, soos mnr Van

bedrag van R174 069.37, tesame met rente op hierdie bedrag teen
Coller betoog het, bedenklik en wel tot so 'n mate dat ek van mening is dat

die koers van 15.5% per jaar, bereken vanaf 1 Julie 2007 tot die
die verweerder nie daarin geslaag het om op 'n oorwig van

datum van betaling;
waarskynlikhede aan te toon dat hy in die prinsipale saak daarin sal slaag

om hom van die bewyslas te kwyd nie. Bygevolg behoort voorlopige

10.2 Die verweerder word gelas om die eiser se koste van die geding te
vonnis ten gunste van die eiser toegestaan te word.

betaal op die skaal 5005 tussen party en party.

9.

G W ALBERTS

Slegs die kwessie van koste bly oor. Mnr Van Coller het aangevoer dat
WAARNEMENDE REGTER

hierdie 'n gepaste geval is vir 'n bestraffende kostebevel teen die

16 NOVEMBER 2007

verweerder, hoofsaaklik op grond van die feit dat die verweerder,

laatstens by liassering van die eiser se opponerende beëdigde verklaring,

moes besef het dat daar geen meriete hoegenaamd in sy verweer steek

nie en gevolglik nie daarmee moes volhard het nie. Ek is egter nie oortuig

dat hierdie saak so 'n kostebevel regverdig nie en gevolglik is ek nie van

voorneme om in die uitoefening van my diskresie aan hierdie versoek

gehoor te gee nie.